Dinsdag **2 April**
**Skrifgedeelte: Jesaja 45:1-8**
**Fokusgedeelte: Jesaja 45:5-6 (AFR83/2020)**
**Die tweede stem van vertroosting – Laat God toe om God te wees!**

Kores, ’n heidenkoning, ken vir God van geen adamskant nie. Maar God noem Kores sy gesalfde. Die eerste en enigste keer dat ’n nie-Israeliet die gesalfde van die HERE genoem word. ’n Benoeming wat net vir konings, profete en priesters van Israel beskore was. Vreemd nè? Hoe dan nou? Wat gee God die reg om so te besluit, sommer so sonder geloof, of verbond, en sonder Jesus Christus? Kores hoor die eerste keer van God toe God hom kies. God roep immers vir Kores op sy naam, sodat hy sal weet dat God, die God van Israel, die HERE is. Kores moes nie eers glo nie. Kores moes God nie eers leer ken en toe God se goeie bedoelings aanvaar, en daarna sy hart vir die HERE gee en vir God aanneem as sy persoonlike verlosser en saligmaker nie. God kies Kores. Soos God vir Israel uitverkies het, kies God vir Kores. En Kores meld aan vir diens: hy verslaan Babel en stuur die volk Israel na hulle vaderland toe terug. God is in beheer in elke aspek van die wêreld se geskiedenis en Hy kan selfs ’n ongelowige koning kies en salf om sy wil te doen.

God gee genade aan wie Hy wil, wanneer Hy wil en nes Hy wil. Ook aan mense wat Hom nie eers ken nie, as dit God pas om sy genade te laat geskied. God is die HERE. God is in beheer, ook van my en jou toekoms. Hy skep en doen al hierdie dinge. Hy verlos hulle wat in Christus glo. Maar dit keer Hom nie om mense sonder lidmaatskap vir sy koninkryk te kies nie, sonder hoop, sonder doop, sonder geloof of offergawe, en sonder ’n goeie rekord van jou. God is soewerein – Hy regeer alleen in sy vrye wil. Reageer daarop met: Dankie vir die genade in dié Gesalfde, Jesus Christus. En laat die almagtige God toe om jou genadig te wees. Genade wat geen einde het nie. Liefde, noem ons dit. Laat God God wees.

*Sing: Psalm 107-2:1, 3, 5*

*Dr. De W (De Wet) Saaiman (Krugersdorp)*